

Voorwoord

AAN DIE KATEGEEET

Dit is 'n besondere voorreg om vir kinders van die groot liefde van die Here te vertel. Hierdie voorreg plaas aan die ander kant 'n groot verantwoordelikheid op ons skouers. Ons het die opdrag om met woord en daad, tydig en ontydig, in ons huise en in die openbaar by kinders in te skerp dat God ons liefhet deurdat Hy al die geleenthede en lewensmiddele aan ons gee (Deuteronomium 6: 6-7). Hy verlos ons van die sonde en die dood. Hy gee vir ons die ewige lewe. Hieroor moet ons kinders leer om uit dankbaarheid hulle lewens vir die Here te gee. Deel van katkisasie is om die kinders te leer hoe om dit te doen. Ons kinders moet leer van die Here, van die Bybel en van die Kerk.

Die Here wil jou gebruik om hierdie belangrike werk vir Hom te doen. Hy gee nie alleen aan jou die opdrag om die kinders van die Kerk, wat deel is van sy huisgesin, te leer nie, Hy lei jou ook deur sy Gees om hierdie werk te kan doen. Maar daarvoor moet jy van jou kant af nie 'n steen onaangeroer laat nie om die Bybel te gebruik saam met hierdie handleiding. Grawe jou in in die stof wat vir jou gegee word, berei getrou voor, en maak dit altyd 'n saak van gebed.

Die behoefte aan geloofsekerheid word by kinders van hierdie ouderdom al hoe groter. Hulle word al hoe meer aan hulle eie verantwoordelikheid oorgelaat, en daarom moet jy hulle so begelei dat hulle sal verstaan en glo dat God by hulle is en dat hulle in 'n verhouding met Hom kan lewe.

Vandag se kinders vereis 'n besondere benadering tot die ontsluiting van nuwe kennis. Hierdie kinders word groot in 'n tegnologiese era waarin voortdurend op visuele beelde, die TV en rekenaar-tegnologie gefokus word. Ons kan dus nie verwag dat hulle tevrede sal wees met die ou tradisionele wyse van lesgee waarmee ons grootgeword het nie. Ons moet sorg dat alle lesse so aangebied word dat dit fokus op spesiale tegnieke wat hulle sal help om geloofsekerheid te ontdek en te ervaar.

Sterkte met dié grootse taak!

Ds Marthinus van Staden
Samesteller

So werk die kategese

Die kategesereeks waarvan hierdie boek deel is, werk op die volgende basis: Daar bestaan drie fasegroepe van graad R tot by graad 10. Graad R tot graad 3 vorm die eerste fase, graad 4 tot graad 7 die tweede fase, en die laaste fase is graad 8 tot graad 10. Daar word deurgaans vier tipes lesse in elke boek vir alle grade aangebied.

- **Graadles**

'n Graadles is 'n les wat vir die kinders van daardie spesifieke graad geskryf is. Dit is 'n *gewone* les soos ons dit altyd geken het, en word op die *gewone* manier aangebied. Die getal lesse

wissel van twee tot drie per kwartaal. Waar daar net twee lesse is, is die derde een altyd 'n hersieningsles.

- **Gesinsles**

'n Gesinsles is ook vir kinders van 'n spesifieke graad geskryf, maar met die verskil dat die hele gesin die geleentheid bywoon. Dit word een keer per kwartaal aangebied. In die lig hiervan moet ouers gewoon gemaak word om as deel van die nakoming van hulle doopbelofte hierdie deel van die kategeese saam met hulle kinders deur te maak. 'n Gesinsles is altyd so saamgestel en word so aangebied dat die hele gesin daarby betrokke raak. Die fokus van hierdie lesse val op gesins- en ouer-kind-verhoudings. Die betrokkenheid van gesinne in die hele gemeentepopset word ook hier veronderstel. Omdat ouers bewus moet wees wanneer hulle die lesse moet bywoon, moet kategete reeds aan die begin van die jaar datums aan die ouers voorsien en hulle kort voor die les weer herinner. Daar moet ook seker gemaak word dat die lokaal al die ouers en kinders kan akkommodeer.

- **Faseles**

Faselesse word aan al die kinders van 'n spesifieke fase aangebied: Graad R tot graad 3, of 4 tot 7, of 8 tot 10. Hier val die klem op gemeenskaplike sake wat relevant is vir kinders van daardie fase. Aldrie of alvier kategete van 'n spesifieke fase moet dus seker maak dat roosters nie bots nie en wie verantwoordelik gaan wees vir die aanbieding van daardie les. Ter wille van die samehorigheidsgevoel en dissipline, moet aldrie of alvier kategete teenwoordig wees wanneer die les aangebied word.

- **Praktykles**

'n Praktykles het ten doel om ons geloofskennis prakties te laat uitmond in fisiese geloofsdade. So lees ons in Jakobus 2: 17: *So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.* Daar moet by hierdie lesse daarop gelet word dat dit soms heelwat voorbereiding verg omdat afsprake met individue of instansies gemaak moet word, reëlings getref moet word met betrekking tot vervoer, ensovoorts. Kyk reeds aan die begin van die jaar na al die praktyklesse, en tref betyds reëlings na die aard van elke les.

- **Algemene opmerking**

Wanneer die klas in groepe ingedeel word, sal die grootte van die klas altyd die hoeveelheid groepe bepaal. Indien daar net een of twee kinders in 'n klas is, moet die kategete eie diskresie gebruik om die metode van aanbieding te reël.

'n Slotwoord van my kant af: Mag jy vanjaar met jou betrokkenheid by die kinders krag, insig, geloof en verantwoordelikheid van die Here ontvang. *In Christus se voetspore* sit jy deur die leiding van die Heilige Gees as't ware ook jou arms om kindertjies, lê hulle die hande op en seën hulle. So verkry jy 'n eervolle plek in die gemeente, groot sekerheid in jou geloof in Christus Jesus, en sal jy na hierdie lewe deel in die vreugde van jou Here.

Dr Hannes Beukes
Hoofredakteur